durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

8 Maart 2020




8 Maart 2020, 3de Lydensweek
Preekreeks: #24/7 Twee Spanne

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Pieter Henning*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Pieter Henning*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: Duitsland** Menges-gesin

18:00 **@6 Diens**
*Ds. Johan Els*

**DEUROFFER:**
Sien bladsy 2 vir meer besonderhede

15 Maart 2020, 4de Lydensweek
Preekreeks #24/7 Jou Hart

**09:00** **Dankdiens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*
***Die Broers Halleluja's***

**Deuroffer: Gemeentebediening**

## Ope uitnodiging



**Teks: Spreuke 9:1-6**

Wysheid en Dwaasheid se feeste verskil radikaal van mekaar.

Hulle feeste het ook verskillende gevolge. Wysheid se fees bring lewe, insig en seën vir elkeen wat by haar tafel kom aansit. Sy deel die Here se lewe uit aan elkeen wat opdaag by haar fees.

Dwaasheid beloof ook lewe, maar haar ete bied vernieiging en die doderyk as 'beloning' vir elkeen wat by haar opdaag om te eet.

Die eintlike stryd tussen Wysheid en Dwaasheid is nie maar net 'n styd oor keuses tot 'n beter of 'n slegter lewe nie.

Dit gaan oor lewe en dood voor God. Mense se tydlike en ewige geluk is op die spel wanneer Wysheid en Dwaasheid naby is.

Wie se fees kies jy?

Wat is die belangrike uitnodiging wat jy raaklees in Spreuke 9:1-6 ?
Watter begrip is onafskeidbaar van insig en nadenke wat ons raaklees in Fil 1:9-10 ?
Noem en bespreek die basiese verskille tussen wysheid en dwaasheid
Waar lê die speelveld van wysheid vir die gelowige ?
Dink verder na oor waar ek myself meer kan oopstel vir lering en wysheid.

## Durbanville Plaasfees Kommitee

**Inlas:** Jana Louw,
**Agter:** Annamare Visser, Johan Els, Nardus Smit, Dave Gilburt, Rita Louw, Manie van Greunen, Christo de Jongh, Hentie Engelbrecht, Danie Tolken, Eduard Ras,
**Voor:** Alida Vorster, Stephanie Steenkamp, Wessel Fritz, Philip Scholtz, Mizelle Prinsloo, Ilse Fritz, Este Stewart, Pieter Henning **Afwesig:** Murray Steenkamp

## Maand oorsig:

11 Maart: 18:00 Plaasfees Biduur
14 Maart: Durbanville Plaasfees
19 Maart: Glow Kidz kuier
20 Maart: Skole sluit
Gemeentekamp
28 Maart: Betesda-mark
31 Maart: Skole open

5 April: Doop
8 April: Identiteit in Christus Kursus
9 April: Lydensnagmaal
10 April: Goeie Vrydag



# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

### Maartvakansie-uitreik geleentheid

**Datum:** 23-27 Maart 2020

**Waar**: Heuningvlei , Cederberge (naby Wupperthal) – N7 na Clanwilliam (212km).

**Doel**: Om Bergsig gesinne in 'n veilige omgewing bloot te stel aan 'n uitreik.

**Verblyf**: Lodge/Backpackers of kamp

**Koste:** Kamers R140 pppn (R100 o/12)
Kamp R200 per voertuig per nag

Navrae: Jaco Van Vuuren 0730176662





### HOUSE OF GRACE INSTANDHOUDINGSWERK

Daar is heelwat instandhoudingswerk wat by bogenoemde projek gedoen moet word en ons benodig hulp met die volgende:

Baie dankie aan die persoon wat die kombuis help uitsorteer het!! Ons waardeer dit baie.

Die Hoofslaapkamer se badkamer het nie 'n deur nie en die venster in hierdie kamer is besig om uit te val.

Verskeie krane in die huis is los en daar is ook krane wat nie meer in werkende toestand is nie.

Die motorafdak het afgewaai (slegs die raamwerk het bly staan). Hierdie area benodig ook 'n veiligheidshek.

Die elektriese omheining is nie meer in 'n werkende toestand nie.

Die huis benodig 'n vars laag verf.

Skakel asb. vir Leonette Burger by 0824405662 indien u behulpsaam kan wees met enige van die bogenoemde items.

**Shiloh "Gifts of Grace" Skryfbehoefte Projek 2020**
Ons benodig nog heelwat skryfbehoeftes!

Ongebruiktes ook welkom

Ons konsentreer op skole aan die buitewyke van Kaapstad waar die grootste nood is.
Skenk fondse / skenk skryfbehoeftes / Kontak Delene by Shiloh sel : 072 370 7198 / admin@shiloh.org.za
www.shiloh.org.za
Bank besonderhede: Rekening houer: Shiloh Synergy
FNB Willowbridge Tak: 250655 Rek nr 62264338643 (tjek)
verwysing van en GoG

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte oor grense

### DUITSLAND: Loergaatjie op ons lewens



Tobias het verlede week n mylpaal in sy studies behaal. Hy kan nou aan die volgende fase begin werk. Op die stadium hou die Arabiese kursus hom baie besig. Bid asb vir finansies vir die kursus. Vlugtelinge het nie geld om te studeer nie so ons moet n manier kry om die kursusse te finansier sodat ons dit kan aanbied. Ons sien egter hoe dit die Arabiese gelowiges goed doen om te leer wat regtig die waarheid is en daarom is dit verskriklik belangrik. Ons Bybelskool is besig om van Ravi Zacharias Ministries se Arabiese dosente te gebruik. Bid asb daarvoor. Laas Vrydag het ons met een van hulle dosente n byeenkoms gehou oor hoe om Europa te evangeliseer. Dit was n interessante belewenis om in ons kerk te sit met n paar honderd Arabiere en n handvol Duitsers. Die hele aand was in Arabies en vertaal in Duits. Vir die eerste keer het van ons vriende verstaan hoe die vreemdelinge in hulle midde voel! Maar nog belangriker is dat die spreker die Arabiere uitgedaag het om Europa as hul sendingveld aan te neem. Hy het gesê dat God nie eendag in die hemel gaan vra hoe lekker was dit in Duitsland nie maar Hy gaan vra: wat het jy gedoen met die geleentheid wat Ek julle gegee het om in Duitsland te bly? Hoe het jy my koninkryk daardeur uitgebrei? Wow, ek kry hoendervleis! Dit was my gebed toe die vlugtelinge gekom het, dat God eers vir hulle sal aanraak maar dat hulle dan die Duitsers sal aanraak met die evangelie. Dit is besig om te gebeur. Bid asb saam vir hierdie beweging.

Ek is die week by die Brandweerskool van ons provinsie. Ek het begin betrokke raak by die plaaslike 'emergency pastoral care' span. Ons word die week opgelei oor hoe ons kan saamwerk met polisie, brandweer en ambulanse. Ons leer ook hoe mens met dood en krisisse omgaan. Die wonderlike ding is, almal van ons is gelowiges en ons het spesifiek die reg om ook ons geloof in te bring in wat ons doen. Dit is n groot uitsondering in Duitsland! Dit sal slegs n 'sideline' wees in my lewe omdat die situasies waarmee ons gekonfronteer word, so moeilik is, dat hulle ons teen uitbrand beskerm deur ons net as vrywillige werkers te gebruik wat twee weke per jaar werk – dan 24 uur per dag, 7 dae in n ry. In die komende jaar sal ek meer werk om werkservaring te kry.

En dan is ek aan't voorberei. 7-9 Maart lei ek n vroue kerkkamp vir ons gemeente met 90 vrouens tussen die ouderdom van 20 en 65 jaar. Ek sal die Bybelstudies en program lei en daar is baie ander wat ander aspekte dek. Ons voorbereiding vorder goed. Ons het egter gebede nodig – die afgelope jaar het dinge in ons gemeente gebeur wat nogal mense se verhoudings met mekaar baie sterk beïnvloed het. Ons bid dat die kamp n plek sal wees waar ons nuut sal leer om vir mekaar ruimte te hê. Bid asb vir ons bvoorbereiding, maar ook dat al 90 wat beplan om te kom, regtig sal kan kom – en dat God nou reeds harte sal voorberei.

18 – 22 Maart is ek uitgenooi om by n konferensie in Malaga, Spanje te praat. Ek moet twee sessies dek by n konferensie vir sendingorganisasies wat in Europa werk. So die grootste deel van Februarie sal ek gebruik om vir die konferensies voor te berei.

En April is ons in SA!! Laat ons asb. weet as jy lus is om saam met ons te kuier. Ons stuur nog meer inligting nader aan die tyd.

Dankie vir julle gebede vir al die dinge in ons lewens. Ons kan sonder julle glad nie al die dinge doen nie! Ons is so dankbaar daarvoor. ***Tobias, Sandra en Liesl Menges***




Bergsig het 'n gebeds-WhatsApp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.

# KNIELTYD

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Coen Strydom | Vierlanden Villas 36, 021 979 2452 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Danie Janse van Rensburg | Woonstel 10, Aristea 072 107 2277 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Andre Smith | Fairtrees 76, 021 975 0030 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Jorrie Jordaan | Goedemoedstraat 98 | Vrou oorlede | Troos en bemoediiging |
| Marié Meyer | Fairtrees 4, 021 975 8947 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***

## SPES BONA DIENSTE

Ons is besig met verhoudingsbou by Spes Bona deur saam in eenvoud te eet elke tweede Sondag en benodig 'n elektriese warm skinkbord om die kos gedurende die diens mee op te warm as iemand dalk so iets het om vir ons te skenk sal dit baie help.

Baie dankie dat ek kan vra.

Seënwense Nelda Rousseau 083 235 1400 (WhatsApp asb)

# DURBANVILLE KINDERHUIS: PAASFEES

Soos Paasfees nader kom, word ons meer bewus van wat Jesus aan die kruis vir ons gedoen het en hoe Hy Homself vir ons opgeoffer het.

Dit is ook 'n geleentheid vir ons om op die ware betekenis van Paasfees te konsentreer, en om te weet dat dit 'n tyd van liefde is, 'n tyd om te gee, en 'n tyd om kwaliteit tyd saam met geliefdes deur te bring.

Volgens een van ons agtjarige seuns, "is dit amper soos Kersfees."

Terwyl Paasfees vir baie kinders 'n kans is om sjokolade eiers te kan geniet, leer ons, as 'n welsynsorganisasie Christelike waardes aan vir die kinders in die tyd. Ons sien hierdie tyd van die jaar as nog 'n geleentheid om aan hulle 'n boodskap van hoop en inspirasie te gee.

Ons vra individue en/of maatskappye om hul harte oop te maak deur behulpsaam te wees met een van die volgende:

- Bybels vir kinders
- Christelike storie boeke
- Items om 'n "goodie bag" te vul, insluitend: paaseiers, koffiebekers, chips, en koeldrank

Sou u 'n gereelde bydrae oorweeg, nooi ons u uit om 'n kind van so min as R100 per maand te borg. Besoek www.sponsorachild.co.za vir meer inligting.

Kontak asb vir Melanie Stipp deur 'n e-pos aan marketing-@durbanvillekinderhuis.org.za te stuur of kontak haar by 021 975 6822.






**NUUT HIER?**

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel:
**http://bit.ly/nuwelidmate**
of skandeer die QR kode
of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.
Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na:**

**071 529 9491**




# KLEINGROEPE 2020
# KOM WORD DEEL

**Word deel van 'n Kleingroep in 2020.**

Individue, egpare, gesinne, vriendegroepe ensovoorts, kan hier registreer om deel te word van 'n kleingroep by Durbanville-Bergsig NG Kerk. Die indeling sal vroeg in 2020 plaasvind.

Kliek op hierdie skakel of scan die QR code:
http://bit.do/registreer

Registreer

## Word deel van die TechTeam

Is Klank, Beligting, Mult-Media of Video deel van jou belangstelling, stokperdjies or beroep? Kom dien die gemeente met jou gawes en vaardighede by the Tegniese ondersteuningspan.

## Bedieningsgeleenthede

@10 en Familiediens - Klank & Beligting, Multi-Media en LiveStream

@10 GlowKidz - Klank & Beligting, Multi-Media

@6 Regeneration - Klank & Beligting, Multi-Media en LiveStream

**Die TechTeam motto is 1 Petrus 4: 10.**

As jy dit ook deel van jou lewe wil maak, kontak vir Carel by 0834409640 of carelhventer@gmail.com vir meer inligting.

**MANS TGIF** 05:45 Vrydagoggende
Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za

## VROUEBEDIENING

**Navrae: Marelize Krige 083 352 5596**
Like DURBANVILLE-BERGSIG Vrouebediening se facebook blad




## GEMEENTEBESTUURDER
### (Personeel- 20%; Bate- 20% en Finansiële Bestuur 60%)
### NG Gemeente Stellenberg

Die gemeente beskik tans oor 'n vakature vir genoemde pos by die kerkkantoor: Edelweissingel, Durbanville
Senior bestuursposisie
Verantwoordelik vir die personeel, bate- en finansiële bestuur van die makro gemeente

**Vereistes:** Tersiêre finansiële kwalifikasie asook bewese ondervinding in finansiële en personeelbestuur

**Diensaanvaarding:** 1 Mei 2020

**Navrae en posbeskrywing aan stellenberg@stellenberg.co.za**
**Stuur volledige CV voor 19 Maart om 12:00 aan bg epos adres**




## PLAASFEES KOMPETISIE R100 per kaartjie

1ste: Jong-bees Agterkwart
2de : Meerendal Boutique hotel 1 nag vir 2 persone met ontbyt
3de: Familie Fotosessie

Esméralda PHOTOGRAPHY



1702 MEERENDAL WINE ESTATE



## Plaasfees Blikkies Kompetisie (GlowKidz)



Ipic Play 2 x 2 ure vouchers (seuntjie en maatjie)
Sorbet Girls Manicure : 2 x voucher (dogtertjie en maatjie)
Lucky Packet van LaDiDa
2 x Milkshake vouchers van Koffieman
2 x Wimpy Vouchers (Kidz Meals, drink and Toy)
2 x Vierlanden Mini Spar Ice Slushies
10 x Plaasfees Pretpark-ritte

**ALLE BLIKKIES MOET TEEN 8 MAART ingehandig word om in aanmerking te kom vir die pryse!**

## DRAADKAR GRAND PRIX

- Piekenierskloof 1 x nag akkommodasie vir Gesin van 4 persone met Zipline ervaring
- 10 Pretpak rit-kaartjies
- 2 x Ipic Play 2-hour play vouchers









**Inskrywings gesluit**

## DRAADKAR GRAND PRIX

**KRITERIA OM IN AANMERKING TE KOM VIR DIE PRYSE:**

- **WENNER:** Tuisgemaakte, mees kreatief versierde draadkar wat die wedren voltooi, met 4 wiele op die grond.
- 10 Pretpark rit kaartjies aan deelnemer - gelukkige trekking
- 2 Ipic play aan deelnemer – gelukkige trekking
- Alle draadkarre kry geborgde item vanaf King Price Insurance, die hoofborg

**Kom koop jou KOMPETISIE kaartjie by die Plaasfees Gazebo ook jou TOEGANGSKAARTJIES**

**R70 volwassenes R30 kids (2-18)**




glow KIDZ





Bergsig sou nie 'n kinderbediening kon hê sonder mense wat elke week en op Sondae hul tyd en talente gee om ons kinders te bedien nie. Daar is sowat 30 groepleiers en helpers wat op Sondae aanmeld om lesse aan te bied. Gedurende die week is daar lidmate wat kom help om naamkaartjies en aktiwiteite voor te berei vir Sondae. Ek wil graag elkeen bedank wat by Glowkidz betrokke is en sodoende God se koninkryk ook na kinders uitbou. Sonder jul hande en harte sal Glowkidz nie kan funksioneer nie! **Die gawes van tyd, talente en vermoëns help ons baie.**










Jy is genooi om saam met ons te kom bid voor die Plaasfees.




Elke jaar die tyd ervaar ek net klomp wonderwerke – dit is 1week voor die Plaasfees en die produkte vlieg by die deure in en mense bel van orals oor om te laat weet hulle kan vir 'n uur of twee werk by die Fees!!!

DANKIE – DANKIE – DANKIE – DANKIE – DANKIE – het ek al gesê DANKIE? Dankie vir julle liefde met die gee van elke produk en oomblik van julle tyd!

**Ons het egter nog so paar uitstaande produkte en ons kort nog mense wat kan help met verkope by al die stalletjies op die dag!**

**Poeding** – Natasha van Greunen 072 480 6187

- Malva poeding 25
- Sago poeding 30
- Appeltert 37
- Jellie (alle kleure) 25
- Skuimpoeding (alle kleure) 30
- Triffle 10

**Jaffels** – Lelan de Jongh 079 514 9915
-Gasbottels en gasburners & jaffelpanne & **maalvleis** & mense om maalvleis gaar te maak

**Gebak** – Sunette du Toit 084 517 3024
-Enige klein koekies, lekkers en handwerk, baba kombersies, popklere en enige iets mooi!

**Braai**
-Borg van skaapstertjies asb.

**Vintage**
-Enige ou bruikbare items

**Tombola**
-Mooi speelgoed

**Potjiekos HULP**
-Kort vanaf 13:00-17:00 mense daar was kansellasies en dit is etenstyd SO ons KORT baie MENSE om te help skep ens.

**ONS KORT ORAL nog HANDE OM TE HELP - 'n uur asb by 'n stalletjie en dan kan jy kuier daarna**


**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810


Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527